

Donderdag 16 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Kronieke 1:1-4, 24-28; Handeling 17:22-34

Fokusgedeelte: Handeling 17:26-28

Ons is God se geslag wat Hy in Christus kom opsoek het!

Wonder jy ook wie jy eintlik is? By Wie hoort jy? Die skrywers van die Kronieke-boeke het die antwoord onder andere gesoek in die geslagsregisters wat strek van Adam tot by die ballinge wat uit Babel teruggekeer het. Ons is vandag geneig om by hierdie klomp name verby te lees. Maar tog bevat dit belangrike inligting rondom die Ou-Testamentiese geskiedenis.

En dan het die skrywers verder soekend beskryf hoe die godsdienstige gebeure in die tyd van die konings verloop het. Daar is veral klem gelê op die aanbidding van die Here in Juda tydens die regering van Dawid en sy nageslag. Kan ek myself in hierdie godsdienstige gebeure vind?

Die geslagsregisters wil sê dat ons almal een geslag is. God het ons almal geskape. Paulus sluit by hierdie gedagte aan wanneer hy vir die Ateners op die Areopagus leer Wie die sogenaamde “onbekende God” is vir Wie hulle ook ’n altaar gebou het. Hierdie God is die Een wat die wêreld gemaak het en alles en almal daarin. Hy het aan almal lewe en asem gegee en hulle oor die hele aarde laat versprei, terwyl Hy voorafbepaalde tye en grense van hulle woonplekke vasgestel het. Óók van die volke in Suid-Afrika! Óók van jou!

Hy het al die nasies uit een bloed (Adam) gemaak. Dis waar 1 Kronieke ook begin: Adam, Set, Noag, Sem, Abraham, ensovoorts. Daar was ook ander stamlyne van Gam en Jafet, maar die Here wou aanvanklik sý kerk uit Sem en Abraham bou. Hieroor gaan Paulus verder deur te sê wat die doel van hierdie godgegewe gebeure van die mensdom is, naamlik: “... sodat hulle die Here kon soek, of hulle Hom miskien kon aanraak en vind, al is Hy nie ver van elkeen van ons nie; want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons ... en is ons ook sý geslag.” Weet jy nou al wie jy is?

Paulus gaan nog verder. Die mense moet God opsoek en hulle tot Hom bekeer. Baie mense doen dit egter nie. Daarom het God in sy genade sy Seun, ons Here Jesus Christus, na die wêreld gestuur om óns, sy uitverkore kinders, te kom opsoek. Hý het dit wat skeiding maak tussen ons en God uit die weg geruim deur aan die kruis vir ons sonde te betaal. God se oordeel oor ons het op Hóm gekom. En om vir ons die sekerheid daarvan te gee, het Hy Hom uit die dood opgewek.

Toe die Ateners van die opstanding uit die dode hoor, het baie van Paulus af weggegaan. Maar sommige het wel by hom aangesluit en gelowig geword. Dan word daar in Handeling 17:34 ’n paar manne en vroue se name genoem.

Weet jy nou wie jý is? Is jy ’n gelowige wat deur die genadige werking van die Heilige Gees tot geloof gekom het? Dán is jou naam ook in God se register opgeskrywe! Jy is van God se geslag wat Hy in Christus kom opsoek het!

Sing: Psalm 84-1:1, 2, 3

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)